Hoe tree ek op teenoor ‘n familielid of vriend wat my in rug steek of oor my skinder; ‘n kollega wat lelik en kortaf is met my; iemand wat my emosioneel, fisies of finansieël skade berokken het; iemand wat my of my geliefdes fisies seermaak; wat my spaargeld of belegging verduister het of die persoon wat by my huis ingebreek en my besittings gesteel het?

Jaco Strydom vertel dat toe hy klein was hy baie raas gekry het omdat hy die sagte binnekant van ‘n sny brood geeet en dan die harder korsies gelos het.
Ons moet oppas dat ons dit nie met die Bybel doen nie. Ons mag nie net die lekker, maklike dele van Bybel vat en die harde ongemaklike stukke ignoreer nie.  Vanoggend lees ons so korsie gedeelte in Jesus se eie woorde.

Ons vind van Matt 5:21 af 6 teenstellings. Jesus sê telkens: “julle het gehoor”, “maar “ek sê vir julle.” So leer Hy ons die hart van God en die diepste bedoeling van die wet. Ons lees vanoggend die vyfde en sesde teenstelling.

Die mense wat na Jesus se eerste preek luister, was hoofsaaklik afkomstig uit die Grieks-Romeinse   wêreld.  Dit was meestal mense wat nie hoë sosiale status gehad het nie, mense op die kantlyn van die samelewing, die minderbevoorregtes, armes, vroue en slawe. Dit was mense wat swaarkry geken en mishandeling beleef het. Hulle het die Romeine verag omdat hulle, as God se volk, deur hulle onderdruk en daar teen hulle gediskrimineer is.

**Skriflesing:** Matteus 5:38-48
**Tema:** My vyand moet die beste in my uitbring.

“Julle het gehoor dat daar gesê is.” Hier is van die verse waarna Jesus verwys:
Eksodus 21:24 (Hierdie was bedoel as ‘n beperkende strafregtelike bepaling vir die hof. Die straf mag nie groter as die oortreding wees nie.)
“'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet,”
Levitikus 24:20
“As iemand 'n medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word: as hy iemand se been gebreek het, moet sý been ook gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het, moet sý oog ook beskadig word; as hy iemand se tand uitgeslaan het, moet sý tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het.
Ons lees iets soortgelyk in Deuteronomium19:21.

Wanneer iemand ons te na kom, is ons eerste reaksie om so iemand terug te kry. Maar Jesus sê vir ons:
Wanneer iemand jou op die regterwang slaan, draai ook jou ander wang.
Wanneer iemand jou onderklere eis, gee ook jou boklere
Wanneer iemand jou dwing om sy goed 1 kilometer ver te dra, dra dit vir 2 kilometer.

In Levitikus 19:17-18 lees ons verder: **17**“Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou **volksgenoot** nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. 18Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

Maar Jesus sê vir ons dat as ons net lief is vir ons volksgenote en die wat ons liefhet, doen ons dieselfde as ongelowiges en tollenaars. Wanneer ons net ons broers groet, doen ons dieselfde as die heidene.

Ons is vinnig om te aanvaar dat die Ou Testament net die verbodsvolk en nie vreemdelinge omarm nie. Dit is nie waar nie. Ons lees in Levitikus 19:33-34: "Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God."

En die Here Jesus gaan nog verder en sê vir ons: "Julle moet julle vyand liefhê en bid vir die wat julle vervolg.

Ek kry dit nie reg nie. Dalk sal ek dit nog kon regkry om uit die situasie te onttrek, omgang met "die vyand" te vermy en nie lelik te praat oor hulle nie, maar Jesus vra meer. Hy vra meer as om net neutraal of afsydig te wees.
Hy vra dat ek na my vyande moet uitreik.
Dit beteken nie dat ek hulle misdade ongesiens moet laat verbygaan nie. Daar is 'n regspad met gevolge wat moet volg op enige oortreding.
Maar ek moet my vyande, misdadigers, geweldenaars, hulle wat gelowiges vervolg en hulle wat my boelie, aktief liefhê.
**"Doen goed** aan die mense deur wie julle gehaat word;
**seën** die mense deur wie julle vervloek word;
**bid** vir die mense deur wie julle vervolg en sleg behandel word."
Jesus gee ons opdrag om deur dade van liefde ons vyande te dien! Dit is wat kinders van die Here doen.

**So volg ons ons Vader en sy Seun se voorbeeld.**
Ons lees al in Deuteronomium10:18-19: "Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere. Jy moet ook die vreemdelinge liefhê, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte."

In Matteus 5:45 het ons saam gelees dat ons Vader in die hemel se liefde onbegrens is. Hy laat sy son opkom oor goeies en slegtes, Hy laat dit reën oor die wat reg doen en die wat verkeerd doen."

Aan kruis bid Jesus vir elkeen wat Hom verraai en in die steek gelaat het. Hy bid vir hulle wat Hom onregverdig verhoor en stukkend geslaan het, hulle wat Hom met dorings gekroon het, hulle wat Hom gespot en gespoeg en uitgelag het. Hy bid vir hulle wat Hom aan 'n vloekhout vasgespyker het. Sy eerste kruiswoord vind ons in Lukas 23:34 "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Die liefde waartoe ons hier opgeroep word, is agape liefde. Hierdie liefde word nie gemotiveer deur die liefde wat ek van die ander persoon terug ontvang nie. Dit is doelgerig, soms net van die een party, om die ander party te bevoordeel. Dit is om doelbewus uit jou pad te gaan om goed en vriendelik met iemand te wees sonder om iets terug te verwag. Dit is nie liefde ter wille van nie, maar ten spyte van wie die ander persoon is of wat hy of sy aan

my gedoen het.

**Hoe gaan ons dit regkry om alle mense, wat ons vyand insluit, so lief te hê?**
By geloofsoorgawe word ‘n EK-gesentreerde lewe vervang met ‘n God gesentreerde Geesvervulde lewe. Uit ‘n God gesentreerde lewe, vloei ‘n lewe wat op ander mense, wat selfs tot op my vyand, fokus. Dit gaan nie meer oor my nie.

Die afgelope week sê ‘n professor oor onderwys in SA: “Die groter gevaar is nie algehele ineenstorting nie, maar die stadige normalisering van middelmatigheid.” Ek gaan my nie uitlaat oor onderwys nie, want ek weet te min daarvan. Maar ek dink hierdie is ook ‘n gevaar vir elkeen van ons as kerk.

Ons gaan op aarde nie volmaaktheid bereik nie. Maar dit stop ons nie. Ons as kerk mag, in die voetspore van Jesus, nie met middelmatigheid tevrede wees nie.
In geloofsafhanklikheid van die Here, streef ons daarna om volmaak te wees soos ons hemelse Vader volmaak is. In geloofsafhanklikheid vloei uit ons as God se fontein van liefde, sy liefde na vriend en vyand.
Amen